# Gebedsbrief November 2023
# Chris en Johanna Dippenaar in Rafz, Switserland

*Omdat God my tot vandag toe bewaar het, staan ek hier as sy getuie voor klein en groot.*
Handelinge 26:22

Liewe vriende,

In Januarie 2024 sal dit 4 jaar wees sedert ons van Taiwan na Switserland verhuis het. Ons kyk dankbaar terug op hierdie tyd waarin ons ons in Rafz kon vestig en by nuwe werksaamhede betrokke kon raak.

Chris het vier jaar gelede geen ondervinding met aanlyn onderrig gehad nie en moes vinnig leer en aanpas, maar deur die Here se genade het alles tog goed uitgewerk. Tot dusver kon hy meer as 450 studente in China onderrig, en teen die einde van hierdie jaar sal 80 hul MA-grade in Teologie, Bybel of Sending voltooi het. In plaas van die gewone twee semesters per jaar, het ons drie semesters (geen somervakansie nie, maar 'n addisionele volle semester in die middel van die jaar). Elke semester sluit nog meer studente aan!

Ons is baie dankbaar dat hierdie diens steeds moontlik is. Ten spyte van toenemende beperkings op Christelike aktiwiteite in China, bly hierdie geleentheid om teologiese onderrig te ontvang bestaan. Gedurende die Herfs 2023-semester het Chris twee kursusse met ongeveer 60 studente elk aangebied. Volgende Lente-semester (Januarie tot Mei) is hy geskeduleer om nog 'n kursus met ongeveer 100 of meer studente te onderrig.

Daar is nou ook 'n groeiende aantal oud-studente met wie Chris gereeld persoonlik via Zoom ontmoet vir 'n uur se gesels en aanmoediging. Baie van die probleme waarmee hierdie jong dominees te kampe het, is dieselfde as elders in die wêreld: 'n dogter wat nie graag kleuterskool besoek nie; 'n vrou wat deur haar kollega uit haar spaargeld bedrieg is; 'n verhuising (van die 28ste vloer in woonstelblok na dieselfde vloer in 'n ander woonstelblok!); die omgang met ouers en skoonfamilie, met siekte in die gesin, met die druk van woon in 'n megastad van miljoene inwoners... Maar daar is ook probleme wat eie is aan hul bedieningskonteks: die voortdurende soeke na 'n veilige aanbiddingsplek, die opbreek in kleiner groepe wanneer die gemeente te groot en opvallend word, die probleme om korttermyn sendingwerk te beplan in 'n omgewing waar "proselite maak" afgekeur word en selfs gevaarlik kan wees.

Ons waardeer geleenthede om op 'n meer persoonlike vlak met mense in kontak te kom. Chris het wel een keer 'n week 'n Zoom-klasbyeenkoms met tussen veertig en honderd studente, maar op die skerm sien hy net blokkies met name, geen gesigte nie! Alhoewel hy met hulle kan praat en hul vrae kan hoor en beantwoord, is dit 'n uitdaging om te kommunikeer sonder om iemand te sien. Om ooglopende redes verkies die studente om nie hul gesigte te wys nie.

Johanna is aktief in ons dorp Rafz, sy werk 'n paar uur per week vir die Maatskaplike Dienste en is betrokke by ons gemeente – sy help by die gereelde "Generationen-Mittagstisch" (waar oud en jonk 'n middagete saam geniet) en by funksies. Sy is dikwels by Désirée in Untervaz om ons kleindogter Cassandra op te pas terwyl Désirée besig is met gemeente-aktiwiteite, en sy help ook 'n gesin hier in Rafz waar albei ouers skofte werk, met ontbyt vir die twee jong dogters en begeleiding skool toe.



En noudat die Corona-beperkings opgehef is, het ons gereeld vriende uit Taiwan op besoek. Johanna het genoeg geleentheid om gaste te onthaal!




Dankie vir julle troue ondersteuning, reeds meer as 35 jaar! Dit is vir ons 'n bemoediging om te weet daar is mense wat agter ons staan in ons werk vir die Here! Dankie vir julle gebede vir ons studente in China, vir Chris se kollegas, en vir ons!

Ons is ook dankbaar vir julle gebede vir ons dogters. Na agt jaar diens as predikant in die Switserse Gereformeerde Kerk, sal Désirée vanaf Maart 2024 by die sendinggenootskap ÜMG (*Überseeische Missions-Gemeinschaft*), in diens tree. As *Serve Asia*-koördineerder sal sy verantwoordelik wees om jongmense vir korttermyn-sending in Suidoos-Asië te motiveer, voor te berei en te ondersteun. Ons bid saam met haar vir gebedsgenote en ondersteuners, en vir 'n bekostigbare woonstel in Uster.



*Désirée en Cassandra*

Nadia werk steeds in dieselfde Kindertuin/dagsorg-sentrum in Rüschlikon buite Zürich, waar sy haar werk as vroeë kinderopvoeder geniet. Haar werk word gewaardeer deur die bestuur en ouers, en sy is geliefd onder "haar" kinders.

**'n Getuienis uit China**

In 'n groot stad in die suidweste van China stap 'n jong man huis toe na 'n lang dag by die werk. Skielik hoor hy sang uit 'n nou systraatjie kom. Hy volg die geluid, sien 'n oop deur en gaan in. Hy bevind hom in 'n saal vol mense wat sit of staan en sing. Hy gaan sit heel agter om die storie te bekyk. 'n Man kom dadelik na hom toe en verwelkom hom hartlik. Toe dit vir hom lyk of die byeenkoms tot 'n einde kom, staan die jong man op en beweeg na die deur. Maar die vriendelike man is weer daar en vra hom of hy vir hom 'n geskenk kan gee – en sit 'n beskeie swart boek in sy hand. Uit beleefdheid aanvaar die jong man die geskenk.

Sy vrou en agtjarige dogter wag by die huis. Die jong pa wys vir hulle die boek wat hy ontvang het en sê vir sy dogter: "Hier, dis vir jou. Ek het in elk geval nie tyd om te lees nie." Dieselfde aand begin die meisie die swart boek lees: "In die begin het God die hemel en die aarde geskep" - en dadelik is dit vir haar duidelik: "Dit is die waarheid! Hierdie is die ware God! Ek wil hierdie God volg!" Vir weke en maande lees die meisie en doen alles wat God in die swart boek beveel. Wanneer sy uiteindelik by die Nuwe Testament kom, is sy bly dat sy weer varkvleis kan eet, dat sy vry is van die wet, dat sy Jesus kan ken.

Jare het verbygegaan: die hele gesin glo intussen in die enigste ware God en in Jesus Christus. Die dogtertjie is nou 'n volwasse vrou: sy het in die buiteland studeer en haar doktorsgraad in teologie ontvang. Sy is getroud met drie klein kinders en onderrig die Nuwe Testament aan studente in China. Sy is een van my kollegas!

Ons wens julle 'n geseënde Adventseisoen en Kersfees toe. En mag die Here julle toerus met geloof, hoop en liefde in die nuwe jaar!

Chris en Johanna (鄧開福，蘇恩惠)

Chris and Johanna Dippenaar
Heereguet 10
8197 Rafz
**Switzerland**
Tel +41 52 5339766
e-mail Chris: dippenaar@gmx.net
Johanna: joh.dippenaar@gmail.com

**Schweizerische Missions-Gemeinschaft**
CH-8404 Winterthur
Tel: +41 52 235 32 52; e-mail: smg@smgworld.ch
IBAN: CH92 0900 0000 8004 2881 3
SWIFT: POFICHBEXXX
Konto: 80-42881-3 (To: „Dippenaar")